

WERKGEWERS MOET SPERDATUM VAN 31 MEI 2023 NAKOM

Tshwane, 29 Mei 2023 – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) moedig alle werkgewers aan om hul wetlike verpligting, ten opsigte van die jaarlikse belastingseisoen vir werkgewers, na te kom deur die sperdatum van 31 Mei in ag te neem en boetes, rente en/of kriminele aanklagte te vermy.

Werkgewers word vereis om hul jaarlikse rekonsiliasierverklarings (EMP501) in te dien, asook maandelikse verklarings (EMP201) en vorige jare se jaarlikse rekonsiliasies wat uitstaande mag wees.

Werknemersbelastingbetalings (LBS) moet op datum wees en die IRP5/IT3(a)-data, wat aan SARS verskaf word, moet geverifieer en akkuraat wees. Korrekte data is belangrik sodat SARS inkomstebelastingopgawes en outo-aanslae korrek vooraf kan invul. Die korrekte data is ook belangrik vir belastingpligtiges wat self 'n opgawe indien, om dit korrek te kan doen tydens die belastingseisoen wat in Julie 2023 begin.

SARS versoek werknemers om na te gaan of hul inligting op die IRP5/IT3(a) korrek is.

Derdepartydataverskaffers, soos mediese fondse en banke word ook vereis om geverifieerde en akkurate inligting aan SARS en aan hul kliënte te verskaf.

Hierdie is belangrike vereistes wat SARS in staat stel om 'n vaartbelyne diens aan belastingpligtiges te versakf, in lyn met ons oogmerk om dit maklik en eenvoudig te maak vir belastingpligtiges om hul verpligtinge na te kom.

Werkgewers, belastingpraktisyne en salarisroladministrateurs moet die nuutste weergawe van e@syFile aflaai. Hierdie aanlynkanaal stel werkgewers in staat om hul EMP501 elektronies in te dien. SARS moedig ook klein-, medium- en mikro-ondernehemings (KMMO's) aan om van hierdie platform gebruik te maak, en van ongerekenariseerde stelsels na geautomatiseerde salarisrolstelsels oor te skakel.

Vir meer inligting oor belastingseisoen vir werkgewers, besoek die SARS-webtuiste www.sars.gov.za.